Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands 60c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 255 KAAPSTAD, 19 SEPTEMBER 1986
CAPE TOWN, 19 SEPTEMBER 1986
No. 10451

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1962. 19 September 1986

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 105 van 1986: Tweede Wysigingswet op Wetgewing op Ontwikkelingshulp, 1986.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1962. 19 September 1986

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 105 of 1986: Laws on Development Aid Second Amendment Act, 1986.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wet No. 105, 1986 TWEEDE WYSIGINGSWET OP WETGEWING OP ONTWIKKELINGSHULP, 1986

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Nasionale State, 1968, ten einde voorsiening te maak vir die voortbestaan van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk; en om voorsiening te maak vir die uitleg van vêrwysings in sekere wette na sekere ampsbekleërs en die Departement van Samewerking en Ontwikkeling; om uitgediende wette te herroep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 10 September 1986.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van artikel 1A in Wet 46 van 1968.

1. (1) Die volgende artikel word hierby na artikel 1 van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Nasionale State, 1968, ingevoeg:

"Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk.

1A. (1) Die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk ingestel by Proklamasie R.26 van 1984 bly, ondanks die herroeping van daardie proklamasie deur hierdie artikel, voortbestaan en bly 'n regspersoon.

(2) Die doelstellinge van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk is om die ontwikkeling van die nasionale state en die Swart bevolking van sodanige state op nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sakegebiede te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder en uit te voer.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 16 (2) of (3) bestaan die aandelekapitaal van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk uit die bedrag geld wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(4) 'n Verwysing in 'n bepaling van hierdie Wet, uitgesonderd artikel 2 (2) of (3), 3, 4 (1) *(t)* of *(xA)* of (2), 5 (1A), 7 (2), 16 (1), 19 (vir sover dit betrekking het op die betaling van die winste van 'n korporasie aan die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie, Beperk), 20 (1) of 31 (2), na die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie, Beperk, word uitgelê as 'n verwysing ook na die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk.

(5) *(a)* Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê nie dat dit die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk magtig om in 'n gebied wat kragtens artikel 26 (1) van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet No. 21 van 1971), tot 'n selfregerende gebied

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Promotion of the Economic Development of National States Act, 1968, so as to provide for the continued existence of the South African Development Trust Corporation Limited; and to provide for the construction of references in certain laws to the holders of certain offices and the Department of Co-operation and Development; to repeal obsolete laws; and to provide for matters incidental thereto.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 10 September 1986.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of section 1A in Act 46 of 1968.

1. (1) The following section is hereby inserted after section 1 of the Promotion of the Economic Development of National States Act, 1968:

"South African Development Trust Corporation Limited.

1A. (1) The South African Development Trust Corporation Limited established by Proclamation R.26 of 1984 shall, notwithstanding the repeal of that proclamation by this section, continue to exist and to be a juristic person.

(2) The objects of the South African Development Trust Corporation Limited shall be to plan, finance, co-ordinate, promote and carry out the development of the national states and the Black population of such states in the fields of industry, commerce, finance, mining and other businesses.

(3) Subject to the provisions of section 16 (2) or (3), the share capital of the South African Development Trust Corporation Limited shall consist of such sum of money as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.

(4) A reference in any provision of this Act, other than section 2 (2) or (3), 3, 4 (1) *(t)* or *(xA)* or (2), 5 (1A), 7 (2), 16 (1), 19 (in so far as it relates to the payment of the profits of a corporation to the Corporation for Economic Development, Limited), 20 (1) or 31 (2), to the Corporation for Economic Development, Limited, shall be construed as a reference also to the South African Development Trust Corporation Limited.

(5) *(a)* The provisions of this section shall not be construed so as to authorize the South African Development Trust Corporation Limited to perform in a territory which has under section 26 (1) of the National States Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971), been declared to be a self-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wet No. 105, 1986 TWEEDE WYSIGINGSWET OP WETGEWING OP ONTWIKKELINGSHULP, 1986

verklaar is, enige werksaamhede te verrig wat hy nie andersins daarin sou kon verrig nie.

(b) Vir die doeleindes van die uitvoering van 'n ooreenkoms wat tussen die Regering van die Republiek en die regering van so 'n gebied aangegaan is, kan die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustkorporasie Beperk in so 'n gebied en ten behoewe van daardie regering die werksaamhede verrig wat in die betrokke ooreenkoms uiteengesit of daarkragtens bepaal word.

(6) Proklamasie R.26 van 1984 word hierby herroep.".

(2) Subartikel (1) word geag op 2 Maart 1984 in werking te getree het.

Uitleg van verwysings na sekere ampsbekleërs en Departement van Samewerking en Ontwikkeling.

2. (1) 'n Verwysing na die Minister van Samewerking en Ontwikkeling in 'n wet of 'n bepaling van 'n wet waarvan die uitvoering nie aan 'n ander Minister kragtens artikel 26 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 110 van 1983), opgedra is nie, word uitgelê as 'n verwysing na die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp.

(2) 'n Verwysing in so 'n wet of bepaling na die Direkteur-generaal: Samewerking en Ontwikkeling en die Departement van Samewerking en Ontwikkeling word onderskeidelik uitgelê as 'n verwysing na die Direkteur-generaal: Ontwikkelingshulp en die Departement van Ontwikkelingshulp.

Herroeping van wette.

3. Die wette in die Bylae genoem, word hierby herroep in die mate aangedui in die derde kolom daarvan.

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Wetgewing op Ontwikkelingshulp, 1986.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

governing territory, any functions which it could not otherwise have performed therein.

(b) For the purposes of implementing an agreement entered into by the Government of the Republic and the government of any such territory, the South African Development Trust Corporation Limited may in any such territory and on behalf of that government perform the functions set out in the agreement in question or determined thereunder.

(6) Proclamation R.26 of 1984 is hereby repealed.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 2 March 1984.

Construction of references to holders of certain offices and Department of Co-operation and Development.

2. (1) A reference to the Minister of Co-operation and Development in any law or any provision of any law of which the administration has not been assigned to any other Minister under section 26 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act No. 110 of 1983), shall be construed as a reference to the Minister of Education and Development Aid.

(2) A reference in any such law or provision to the Director-General: Co-operation and Development and the Department of Co-operation and Development shall be construed as a reference to the Director-General: Development Aid and the Department of Development Aid, respectively.

Repeal of laws.

3. The laws mentioned in the Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column thereof.

Short title.

4. This Act shall be called the Laws on Development Aid Second Amendment Act, 1986.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wet No. 105, 1986 TWEEDE WYSIGINGSWET OP WETGEWING OP ONTWIKKELINGSHULP, 1986

Bylae

WETTE HERROEP (ARTIKEL 3)

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 38 van 1927	Swart Administrasie Wet, 1927	Die herroeping van artikel 2 (5) vir sover dit betrekking het op die aanstelling van 'n lokasie-superintendent, en artikel 2 (6) vir sover dit betrekking het op die aanstelling van 'n persoon om tydelik as 'n lokasie-superintendent op te tree vir 'n gebied waarin 'n groot aantal Swartes woon en so 'n gebied geleë is op grond wat die eiendom van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust is.
Wet No. 45 van 1947	Wet tot Wysiging van die Wette op Swartes, 1947	Soveel as wat nie herroep is nie.
Wet No. 76 van 1963	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1963	Die herroeping van artikel 30.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Schedule

LAWS REPEALED (SECTION 3)

No. and year of law	Short title	Extent of repeal
Act No. 38 of 1927	Black Administration Act, 1927	The repeal of section 2 (5) in so far as it relates to the appointment of a location superintendent, and section 2 (6) in so far as it relates to the appointment of any person to act temporarily as location superintendent for any area in which a large number of Blacks reside and such an area is situated on land which is the property of the South African Development Trust.
Act No. 45 of 1947	Black Laws Amendment Act, 1947	So much as is unrepealed.
Act No. 76 of 1963	Black Laws Amendment Act, 1963	The repeal of section 30.